Aksie van die burgerlike samelewing: Saam die toekoms in met Afrikaans

14 Augustus 2019

OPROEP OM BENOEMINGS VIR DIE ATR SE KOKERTOEKENNINGS VAN 2019

Die Afrikaanse Taalraad (ATR) nooi lede en die algemene publiek uit om kandidate vir die Kokertoekennings van 2019 te benoem. Die doel van die Kokers is om erkenning te gee aan mense wat besondere bydraes tot Afrikaans gemaak het. Hierdie jaar se wenners sal op Vrydag, 29 November gedurende ’n funksie in die Wes-Kaap aangekondig word.

Bekendes wat in die verlede Kokertoekennings ontvang het, sluit in Adam Small, Ton Vosloo, Marlene le Roux, Cerneels Lourens, Refentse Morake, Sandra Prinsloo, Shaleen Surtie-Richards, Suzie Matlhola en Sue Pyler.

Die Kokers word in drie kategorieë toegeken:

- Kategorie 1: Kokers vir besondere prestasie
- Kategorie 2: Spesiale Kokers vir ’n lewenslange bydrae tot Afrikaans
- Kategorie 3: Jeugtoekennings

Kontakbesonderhede: conrad@afrikaansetaalraad.co.za; 082 613 6725; www.afrikaansetaalraad.co.za
Direksie: Japie Gouws (voorsitter), Fatima Allie (ondervoorsitter), Anne-Marie Beukes, Willa Boezak, Louis du Plessis, Flip Buys, Michael Jonas, Sinki Mlambo, Annelise de Vries, Karien Brits; Conrad Steenkamp (hoof), Ria Olivier (programbestuurder), Marekyn Kruger-Evert (sekretaris), Merlyn van der Rheede (projekbestuurder), Hendrik Theys (senior genoot), Nico Botha (Senior genoot).

Kategorie 1: Kokers vir besondere prestasie

Kokers word hier toegeken vir mense wat ’n wesentlike bydrae tot een of meer van die volgende drie subkategorieë gemaak het:

- Bevordering van Afrikaans
- Beskerming van Afrikaans
- Bemagtiging deur Afrikaans

Die drie wenkandidate het gewoonlik ’n lang betrokkenheid by Afrikaans en die Afrikaanse taalgemeenskap. U kan een persoon per subkategorie of dieselfde persoon vir meer as een subkategorie nomineer. Kandidate kan egter nie terselfdertyd in meer as een kategorie wen nie.

Kategorie 2: Spesiale Kokertoekennings vir ’n lewenslange bydrae tot Afrikaans

Toekennings in hierdie kategorie is gemik op afgetredenes of mense aan die einde van hulle loopbaan. U kan tot twee kandidate nomineer en hoef vir hierdie kategorie geen subkategorie te spesifiseer nie.

Kategorie 3: Jeugtoekennings

Hierdie toekennings word as aansporingsprys verstaan en is veral gemik op jong mense wat Afrikaans op nuwe maniere bedink en besig – en entoesiasme vir die taal onder ander jeugdiges kweek. Die maksimum ouderdom vir die jeugtoekennings is 35 jaar.

Kies van die finaliste

Die ATR kies die finaliste op grond van die inligting wat deur die nomineerders verskaf word of andersins deur die ATR bekom is. Die ATR se keuse is finaal en die wenners word gedurende die Kokergeleentheid bekendgemaak.

Nominasie van kandidate

Gebruik asseblief die nominasievorm onderaan hierdie brief om u kandidaat/e te nomineer. Stuur asseblief die voltooide nominasievorms voor of op Donderdag, 17 Oktober aan marekyn@afrikaansetaalraad.co.za.

Ons sien uit na u nominasies.

Vriendelike groete

Conrad Steenkamp

Dr Conrad Steenkamp
Hoof: Afrikaanse Taalraad
Selfoon: +27 (0)82 613 6725
www.afrikaansetaalraad.co.za

Aksie van die burgerlike samelewing: Saam die toekoms in met Afrikaans

KOKERTOEKENNINGS 2019 – NOMINASIEVORM

GENOMINEERDE					
Naam en van:					
Organisasie:					
Telefoon:					
E-posadres:					
Nominasiekategorieë					
Dui die kategorie en subkategorie met ’n kruisie aan					
Kategorie					
Kokertoekenning	Bevorder Bemagtig Beskerm	OF Lewenslange Bydrae		OF Jeug- toekenning	
Motivering vir nominasie (op tot 600 woorde): Verskaf asseblief duidelike redes vir enige nominasie. Indien u die genomineerde vir meer as een kategorie benoem, is ’n motivering vir elkeen van die kategorieë nodig;					
Die genomineerde aanvaar die nominasie: JA/NEE Indien nomineerder nie weet of die nominasie aanvaar sal word nie, sal die ATR die nodige navrae doen					
NOMINEERDER					
Naam en van:					
Organisasie:					
Telefoon:					
E-posadres:					